II Kon 14, 22 Jona, Nahum Week 21: Eindig 24 Mei https://totueer.blog/52-weke/ **Ninevé**

Skrif gedeeltes	Jona 1, II Kon 14	Jona 2	Jona 3	Jona 4	Nahum
Profete	Jona				Nahum
Teen wie	Ninevé (die hoofstad van Assirië)				
In tyd van	Jerobeam II van die noordelike ryk (II Kon 14-15)				Josia van Juda

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	II Kon 14	II Kon 14
Di	Jona 1	Jona 1
Wo	Jona 2	Jona 2
Do	Jona 3	Jona 3
Vry	Jona 4	Jona 4
Sat	II Kon 22	II Kon 22
Son	Nahum 1	Nahum 1

Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het. (Jona 4:2)

Jona was een van die vroegste profete in Israel en het waarskynlik vir Elisa opgevolg. Die boek vertel van die profeet se sending na Ninevé (die hoofstad van Assirië). Dit was een van die grootste en sterkste stede van die destydse wêreld. As mens daardie agtergrond verstaan, verstaan jy beter hoekom Jona nie wil gaan nie – hy moet die vyand gaan red!

<u>Ek wil nie gaan nie (Jona 1)</u>
Hy was die enigste profeet wat besluit het om nie God se boodskap uit te voer nie/
<u>Ek wil gaan (Jona 2)</u>
Terwyl Jona in die vis is, uiter hy 'n kombinasie van Psalms (Ps 3:8; 31:22; 42:7 en 69:1). Uiteindelik erken hy dat verlossing van God af kom en is hy bereid om God te gehoorsaam
<u>Ek is hier (Jona 3)</u>
In skrille kontras met Israel het 'n magtige bekering het op Jona se prediking in Ninevé gevolg
<u>Ek moes nie gekom het nie (Jona 4)</u>
Ook Jona moes perspektief kry oor God se genade, lankmoedigheid barmhartigheid en liefde.

Die profesie van Nahum sluit aan by die geskiedenis wat in Jona vertel is – Nahum voorspel Ninevé se ondergang. Hy het tydens koning Josia van Juda opgetree. Die Noordelike ryk is toe reeds in ballingskap weggevoer, so dus reeds 'n geruime tyd na Jona se geskiedenis. Nahum se profesie kom kort voor Babilonië vir Assirië (en Ninevé) vernietig het. Op daardie stadium het die val van Assirië onwaarskynlik gelyk, maar dit het skielik en onverwags plaasgevind.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Jona

Van kindsdae sal jy onthou
hoe dié geskiedenis ontvou:
Jona weier God se genade:
“Ek wil nie gaan.”
Jona bid om God se genade:
“Ek sal gaan.”
Jona vertel van God se genade:
“Jul gaan vergaan.”
Jona leer van God se genade:
“Ek verstaan.”

Nahum

Net soos Jona, moes Nahum gaan
na Ninevé, wat sy volk verslaan.

Ellende wag vir jou, bloedbevlekte stad;
jy is vol bedrog, gevul met buit gevat.
Swepe klap, wiele dreun, perde jaag,
strydwaens wat vrouens en kinders knaag.
Ruiters galop, swaarde blink, spiese blits.
My hulpelose volk vernietig in ‘n kits. (Nah 3:1-3)

Jona leer van God se genade.

Jona was ontevrede en kwaad.
Dit gaan Israel beslis nie baat.

Van U groot genade het ek geweet
dat U barmhartig en liefdevol heet.
U sien maklik af van die straf.
Ek gee nou eerder my lewe af.

Jona, hoekom word jy kwaad?
Bevraagteken jy My raad?

Die son het Jona geskroei.
God het ‘n plant laat groei.
Oor die skadu was Jona bly-
dit het hom van misnoë bevry
God stuur ‘n wurm om te kou.
en die plant verdroog toe gou.

Jona, hoekom word jy kwaad?
Bevraagteken jy My raad?

<u>Oordenking</u>
Ook vir jou sal dit nie baat,
om te wonder oor God se raad.
Jy kan Sy genade nie keer.
Bly net roep dat hul bekeer.